Die Vaderland
Bus 845, Foon 33-6792.
Johannesburg.

WOENSDAG, 1 APRIL 1942.

# DIE TYD WORD KORT

Mnr. Gerard Moerdyk het 'n woordjie hoogs op sy tyd gesê toe hy voor die Transvaalse Onderwysvereniging gewys het op die volle implikasies van die reeds ingestelde eerstejaarse kursus vir mediese studente in Pretoria. Hierdie studente is aanstaande jaar tweedejaars. Waar die Universiteit A gesê het, moet hy dus noodwendig ook B sê. Daar rus 'n onafwysbare plig op hom om die tweedejaarskursus in te stel, wat hy dan ook gaan doen. Sover kan die Universiteit gaan op eie krag, want die grondslae van die mediese studie wyk dan nog nie af van die algemene opleiding vir 'n graadkursus in die wetenskap nie. Maar in die derde jaar begin die twee van mekaar af wegdraai en word spesiale geriewe vir die studie van medisyne nodig.

Gaan die Universiteit van Pretoria gedwing word om sy studente op daardie stadium te faal? Gaan hy genoodsaak word om hulle huistoe te stuur omdat al die verwagtings wat daar verwek is, ook van die kant van die Owerheid, aangaande die instelling van 'n behoorlik toegeruste Afrikaanse mediese fakulteit, toegelaat is om maar in die lug te bly hang? Indien nie, dan moet die Owerheid nou baie gou hand bysit. Mnr. Moerdyk het gewys op die ontsaglike koste wat aangegaan sal moet word om voor te berei vir studente in hulle derde en latere jare. Kliniеke, hospitale, operasiesale, laboratoriums gaan tienduisende ponde verg. Dit gaan ook tyd kos, baie tyd, om hulle tot stand te bring. In sulke omstandighede word elke dag van die minder as twee jaar wat daar nog voorlê voor hulle onmisbaar sal word, goud werd. Tensy daar dadelik begin word, kan die werk nie betyds afgehandel word nie.

Dit is dus met opregte dankbaarheid dat verneem is van die Minister van Finansies se bemoedigende reaksie op die voorstel om 'n lening aan Pretoria vir die daarstelling van die nodige geriewe toe te staan. Daarenteen slaan dit 'n mens met mismoedigheid om te verneem dat omdat die Universi-

teit nog £14,000 kort op die vereiste £50,000, hy nog nie na die Regering kan gaan nie. Van harte wil ons hoop dat daardie arbitrêre slagboom dadelik opgehef sal word. £14,000 is nie eens 'n strooitjie voor die voet van die Owerheid nie. Ons twyfel daar nie aan nie dat min. Hofmeyr se hulpvaardigheid daaroor sal heenvlieg. Dit is tyd wat nou die grootste vyand is. Meer as gewoon geld spesiaal vir die Minister in hierdie verband die ou spreuk: *Bis dat qui cito dat.* Tydige hulp is dubbele hulp. Ons laat die saak met vertroue in min. Hofmeyr se simpatieke hande.